# Willem Postma Primêre Skool

Poulteneystraat 13 ▪ Dan Pienaar ▪ BLOEMFONTEIN 9301
E-pos : wpps@wpps.co.za

✉ 28176
DANHOF
9310
☎ 051 - 436-2730/1


----------------------------- Vir kantoor gebruik --------------------------------

**AFSKRIFTE VAN DIE VOLGENDE DOKUMENTE MOET SAAM MET DIE AANSOEK INGEHANDIG WORD**

Geen onvolledige vorms sal aanvaar word nie

- ☐ **GEBOORTESERTIFIKAAT** van leerder
- ☐ **ID** van vader
- ☐ **ID** van moeder
- ☐ Bewys van **ADRES** van beide ouers
- ☐ In die geval van **PLEEGSORG** – Toepaslike dokumente
- ☐ **KLINIEKKAART**
- ☐ **RAPPORT** (Nie vir Gr R na Gr 1 nie)
- ☐ **OORPLASINGSERTIFIKAAT** (Nie vir Gr R na Gr 1 nie)

**Aansoeknommer:**

Jaar vir toelating: ______
Aansoek vir graad: ______
Klas: ______
Toelatingsnommer: ______
Gesinsnommer: ______

Karri Register

# AANSOEKVORM

Deur die aansoekvorm te voltooi beteken nie noodwendig dat die leerder tot die skool toegelaat is nie.

| LEERDER SE BESONDERHEDE | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Van** | | | | **Geslag** | Manlik | Vroulik | |
| **Voorletter(s)** | | | | **Huidige skool** | | | |
| **Volle name** | | | | **Watter stad / dorp geleë** | | | |
| **Noemnaam** | | | | **Huidige graad** | | | |
| **Geboortedatum** | JJJJ | MM | DD | **Bevolking** (vereis deur Departement van Onderwys) | Swart | Bruin | Wit / Ander |
| **ID Nommer** | | | | | | | |
| **Leerder woon by** | Vader / Moeder | Albei / Voog | Pleegsorg | **Links of Regshandig** | | | |
| **Koshuisleerder** | Ja | Nee | | **Naam van koshuis** | | | |
| **Noodnr (ouer)** | | | | | | | |

| REEDS INGESKREWE LEERDERS IN WILLEM POSTMA | | | |
|---|---|---|---|
| **Gesinsposisie** | **Naam en van** | **Graad** | **Skoolfondsrekening nommer** |
| **Oudste** | | | |
| **2de oudste** | | | |
| **3de oudste** | | | |
| **4de oudste** | | | |

| **Aantal kinders in gesin:** | | **Applikant se posisie in gesin** | Oudste | 2de oudste | 3de oudste | 4de oudste |
|---|---|---|---|---|---|---|

| MEDIESE BESONDERHEDE | |
|---|---|
| Mediese geskiedenis | |
| Allergieë | |

| OUER(S) / VOOG(DE) SE BESONDERHEDE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | VADER / OUER 1 | | | MOEDER / OUER 2 | | |
| **Ouers status** | Biologiese vader | Voog | Pleegsorg | Biologiese moeder | Voog | Pleegsorg |
| **Huwelikstatus** | Getroud | Geskei | Enkellopend | Getroud | Geskei | Enkellopend |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Titel** | | Voorletters | | Titel | | Voorletters | |

| | VADER / OUER 1 | MOEDER / OUER 2 |
|---|---|---|
| **Van** | | |
| **Volle name** | | |
| **Noemnaam** | | |
| **ID nommer** | | |
| **Woonadres** | | |
| | | |
| | | |
| **Poskode** | | |
| **Posadres** | | |
| **Poskode** | | |
| **Beroep** | | |
| **Werkgewer** | | |
| **Tel nr (H)** | | |
| **(W)** | | |
| **Sel nr** | | |
| **E-pos** | | |
| **E-pos vir KARRI APP** | | |

| BETALING VAN SKOOLGELDE | | |
|---|---|---|
| Kragtens Artikel 39 en 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is beide ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal en ma die skool betaling van hierdie verpligte gelde afdwing. Skoolgelde word volgens Wet as statutêre skuld geklassifiseer soos gedruk in die Staatskoerant nr 28864, Deel D, 24(v) 'Living expenses, inclusive of, but not limited to (cc) school fees' | | |
| Merk toepaslike opsie met 'n X | | |
| **Rekenpligtige** | Vader | Moeder |
| **Betaling van jaarlikse skoolfonds** | Eenmalige betaling binne 90 dae na datum van toelating van leerder | Maandelikse afbetaling oor 10 maande vanaf Februarie tot November |

Ek / Ons verklaar dat die vorm volledig ingevul is en dat die besonderhede hierin waar en korrek is.

Geteken te ________________________________ op hierdie _____________ dag van __________________________ 20____.

________________________________________
HANDTEKENING VAN MOEDER

________________________________________
VOORLETTERS EN VAN IN DRUKSKRIF

________________________________________
HANDTEKENING VAN VADER

________________________________________
VOORLETTERS EN VAN IN DRUKSKRIF

# Willem Postma Primêre Skool

Poulteneystraat 13 ▪ Dan Pienaar ▪ BLOEMFONTEIN 9301
E-pos : wpps@wpps.co.za

✉ 28176
DANHOF
9310
☎ 051 - 436-2730/1


## OOREENKOMS AANGEGAAN TUSSEN

DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE PRIMÊRE SKOOL WILLEM POSTMA
('DIE BEHEERLIGGAAM')

en

VOLLE NAME EN VAN ______________________________

Identiteitsnommer ______________________________

Woonadres ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Werksadres ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Telefoonnommer ______________________________

Sel nommer ______________________________

e-pos adres ______________________________

('DIE OUER')

**1. BOEKSTAWING**

Dit word geboekstaaf dat:

1.1 die Ouer die ouer/voog van die volgende kinders is:

(1) ______________________________ (3) ______________________________

(2) ______________________________ (4) ______________________________

(hierna gesamentlik en afsondelik verwys na as 'die kind')

1.2 die Ouer by die Beheerliggaam aansoek gedoen het dat die kind tot Willem Postma Primêre Skool ('die Skool') toegelaat word as 'n leerder en die Beheerliggaam ingestem het om die kind aldus toe te laat;

1.3 die partye ooreenkom soos hierin uiteengesit.

**2. VERSKAFFING VAN ONDERRIG**

Die Beheerliggaam onderneem om gedurende die termyn van hierdie kontrak:

2.1 skoolonderrig (wat sekere buitemuurse- en sportaktiwiteite insluit) aan die kind te verskaf ingevolge die beleid en toelatingsvereistes van die skool onderhewig aan die bepalings en voorwaardes hierin uiteengesit, asook die Skool se toelatingsvereistes, beleide, skoolreëls, gedragskode en enige wetgewing wat van toepassing mag wees en van tyd tot tyd gewysig mag word.

2.2 gereeld (wat sal beteken minstens een keer per jaar) 'n skriftelike finansiële verslag van die stand van die Skool se finansiële sake aan die Ouer te lewer.

2.3 aan die einde van elke jaar 'n skriftelike begroting ten aansien van die volgende kalenderjaar aan die Ouer voor te lê ingevolge Artikel 38 van die Suid-Afrikaanse Skolewet nr. 84 van 1996 ('die Wet').

2.4 sorg te dra, vir sover dit binne sy vermoë is, dat die aard en karakter van die Skool, asook die akademiese standaarde wat by die Skool geld, soos omskryf in die beleide en toelatingsvereistes van die Skool, behoue bly.

**3. FINANSIëLE VERPLIGTING VAN OUER**

3.1 Die Ouer onderneem om as teenprestasie vir die skoolonderrig wat deur die Skool aan die kind verskaf word, die bedrag skoolgeld soos van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam vasgestel word op die wyse hierna omskryf, te betaal, tensy die Ouer kwalifiseer vir kwytskelding van die betaling daarvan in ooreenstemming met die maatstawwe en prosedures bepaal ingevolge Artikel 39(2)(b) van die Wet.

3.2 Die skoolgeld is vooruitbetaalbaar in tien gelyke maandelikse paaiemente (Februarie tot November), elk nie later as die sewende dag van elke maand: Met dien verstande dat ten opsigte van sodanige maande as waarvan die 7$^{de}$ dag daarvan binnne 'n skoolvakansie val, die skoolgeld betaalbaar is nie later nie as sewe dae na die opening van die skool en met dien verstande verder dat die Ouer te alle tye geregtig sal wees om die totale skoolgeld of enige gedeelte daarvan vooruit te betaal.

3.3 Alle bedrae wat ingevolge hiervan betaalbaar is, word betaal by die kantoor van die finansiële beampte, van die Skool, of sodanige ander adres waarvan die Beheerliggaam die ouer skriftelik in kennis mag stel.

3.4 Die Beheerliggaam is geregtig om, in sy uitsluitlike diskresie, in buitengewone omstandighede die Ouer in die geheel of gedeeltelik vry te skeld van die betaling van skoolgeld.

3.5 Beide ouers en/of voogde en/of aanneemouers van die kind, soos omskryf en bedoel in die Wet, is in terme van Artikel 40 van die Wet gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van die kind se skoolgeld.

3.6 Indien die Ouer versuim om die skoolgeld voor of op die verskuldigde datum te betaal en die Ouer, ondanks 'n skriftelike kennisgewing wat deur die Skool aan die Ouer per hand of geregistreerde pos afgelewer is dat die ouer versuim het om vir vrystelling aansoek te doen soos in Artikel 39 van die Wet beoog, steeds versuim om die skoolgelde te betaal na 'n tydperk van drie maande na die datum van die kennisgewingkan die Skool voortgaan met die nodige regstappe ter invordering van die skoolgelde, in welke geval die betrokke jaar se volle skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar is, tesame met rente daarop bereken teen die dan geldende rentekoers soos van tyd tot tyd voorgeskryf in terme van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoers, Wet 55 van 1975 en bereken vanaf die eerste dag wat volg op die dag waarop die 90 dae tydperk verstryk en sal duur tot en met die datum van volle betaling. Enige en alle betalings sal in sodanige geval eerstens aangewend word ter delging van enige rente en regskostes, waar van toepassing en daarna ten aansien van die uitstaande kapitaal.

Alle boeke en toerusting, wat deur die Skool aan die leerder in bruikleen verskaf is tydens en vir doeleindes van die verskaffing van die skoolonderrig, moet aan die Skoolhoof terugbesorg word wanneer hy daarom vra. Indien dit nie terugbesorg word nie en/of nie in 'n redelike toestand terugbesorg word nie, is die Ouer teenoor die Skool aanspreeklik vir die redelike en billike kostes ter vervanging daarvan..

3.7 Die Ouer verleen toestemming dat sy/haar naam op buro's gelys mag word as 'n wanbetaler indien enige skoolgeld langer as 90 dae uitstaande is ingevolge hierdie ooreenkoms. Verdere toestemming word ook verleen dat navraag gedoen mag word by enige buro om die Ouer se kredietwaardigheid te bevestig of om die Ouer op te spoor.

3.8 Die Ouer aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van die kind en magtig hiermee die skool om, indien die kind by die Skool en/of tydens enige skoolaktiwiteit beseer raak endaar nie met die ouer gekommunikeer kan word nie en die kind op advies van enige mediese praktisyn dringende mediese behandeling moet ondergaan, besluite te neem oor sodanige mediese behandeling of enige noodsaaklike chirurgiese ingreep. Die Ouer aanvaar aanspreeklikheid vir die betaling van enige mediese- en/of hospitaalrekeninge in verband met enige sodanige behandeling en vrwyaar die Skool teen enige aanspreekklikheid teenoor enige mediese praktisyn en/of instansie wat sodanige behandeling aan die kind verskaf.

3.9 Die Ouer bevestig hiermee dat sy/haar kind fisies in staat is om aan aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid. Indien die kind se gesondheidtoestand te enige tyd sodanig verander dat die kind nie fisies in staat is om aan enige aktiwiteite deel te neem nie, moet die Skool skriftelik daarvan in kennis gestel word.

**4. VASSTELLING VAN SKOOLGELD**

4.1 Die Beheerliggaam onderneem om voor 20 November van elke jaar die skoolgeld vir die daaropvolgende kalenderjaar te bepaal ooreenkomstig die prosedure neergelê in Artikel 39 van die Wet.

4.2 Die Beheerliggaam onderneem dat die vasgestelde bedrag nie gedurende die kalenderjaar waarvoor dit vasgestel is, gewysig sal word nie.

**5. BEëINDIGING VAN KONTRAK**

5.1 Hierdie kontrak is nie beperk tot enige kalenderjaar nie, maar duur voor todat dit beëindig word op enige van die wyses hierna vermeld.

5.2 Beide partye is geregtig om hierdie kontrak te beëindig by wyse van twee kalendermaande voorafgaande skriftelike kennisgewing : Met dien verstande dat die Ouer steeds aanspreeklik bly vir alle agterstallige skoolgeld tot en met die datum waarop die kontrak ten einde loop.

5.3 Indien die Beheerliggaam die kind uit die Skool skors, soos voorsien in klousule 6, eindig die Beheerliggaam se verpligting ten opsigte van die skoolonderrig van die kind op die datum van uisetting, maar die Ouer bly aanspreeklik vir alle skoolgeld tot en met die einde van die maand waarin die kind aldus uitgesit is.

5.4 In alle gevalle waar die kind Graad 7 voltooi, word die ooreenkoms ten aansien van daardie kind op 31 Desember van daardie jaar outomaties as afgeloop beskou, sonder dat kennisgewing van beëindiging daarvan soos hierintevore voorsien nodig is.

**6. TUG EN DISSIPLINE**

6.1 Die Ouer onderwerp homself en die kind hiermee aan die gedragskode en/of alle beleide van die Skool en/of die regulasies en/of riglyne betreffende beheer, skorsing, uitsetting en toediening van straf aan leerders soos bepaal en uitgevaardig mag word in terme van Artikel 8 van die Wet, saamgelees met

Artikels 9 en 10 van die Wet en alle regulasies wat van tyd tot tyd ter vervanging of wysiging van die vermelde gedragskode en/of beleide en/of regulasies en/of riglyne uitgevaardig word.

6.2 Die Ouer onderneem om mee te werk dat die kind te alle tye die skool se reëls en gedragskode eerbiedig en nakom.

**7. REGSGEDINGE**

7.1 Die partye stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof in verband met enige regsgeding wat uit hierdie ooreenkoms ontstaan, ondanks die feit dat die bedrag in geskil die jurisdiksie van die Landdroshof mag oorskry.

7.2 'n Sertifikaat geteken deur die Skoolhoof van die Skool (wie se aansteling, bevoegdheid of magtiging nie bewys hoef te word nie) wat die bedrag van die Ouer se skuld aan die Beheerliggaam uiteensit –

7.2.1 Dien as *prima facie* bewys van die bedrag van die Ouer aan die skool skuld;
7.2.2 Geld as 'n likiede dokument in enige hof met bevoegde jurisdiksie vir die doeleindes van voorlopige of summiere vonnis teen die Ouer.

7.3 Die Ouer onderneem om alle regskoste te betaal wat deur die Beheerliggaam aangegaan mag word, nadat die Beheerliggaam instruksies gee vir die instel van 'n regsgeding vir die verhaal van enige bedrag wat deur die Ouer ingevolge hiervan verskuldig is, insluitende prokureurs- en kliëntkoste.

8. **KENNISGEWINGS**

8.1 Die Ouer kies as sy/haar dieningsadres die adres soos aangedui in die aanhef tot die ooreenkoms vir alle doeleindes van en wat voortspruit uit hierdie ooreenkoms, by welke adres alle prosesstukke en kennisgewings wat voortspruit uit hierdie ooreenkoms of die nie-nakoming of beëindiging daarvan geldiglik aan die Ouer verskaf en/of beteken mag word.

8.2 Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms kies die Skool die adres geleë te Poulteneystraat 13, Dan Pienaar, Bloemfontein as sy dieningsadres vir die verskaffing van enige skriftelike kennisgewings aan die Skool.

8.3 Enige kennisgewing wat in terme van hierdie ooreenkoms gegee moet word, geskied skriftelik en word -
8.3.1 per hand afgelewer aan die Ouer en Skoolhoof en/of by die partye se onderskeie dieningsadresse; en/of
8.3.2 per vooruitbetaalde geregistreerde pos gepos, welke geag word ontvang te wees binne 7 dae vanaf die datum waarop dit gepos is, tensy die teendeel bewys is; en/of
8.3.3 by wyse van faksimilee versend, welke geag word ontvang te gewees het op die eerste sakedag wat volg op die dag waarop dit gestuur is, en/of
8.3.4 per elektroniese kommunikasie versend.

8.4 Indien daar enige dispuut bestaan met betrekking tot die versending en/of ontvangs van enige sodanige kennisgewing, rus die onus op die versender daarvan om versending en aflewering te bewys.

**9. ALGEMEEN**

9.1 Hierdie dokument, saamgelees met die Skool se beleide, toelatingsvereistes, skool- en gedragreëls, soos van tyd tot tyd van toepassing en onderhewig aan wysigings daartoe, welke geag word hierby geïnkorporeer te word, stel die hele ooreenkoms tussen die partye daar.

9.2 Geen verstandhoudings, waarborge of voorstellings wat tussen die partye gemaak is wat nie in voormelde dokumente vervat word nie, sal die partye bind nie.

9.3 Die Ouer aanvaar dat die Beheerliggaam, kragtens die bepalings van die Wet, die reg het om van tyd tot tyd die Skool se beleide, toelatingsvereistes en skool- en gedragreëls te wysig en is die Ouer gebonde aan enige sodanige wysigings.

9.4 Geen wysiging van hierdie ooreenkoms is van enige regskrag, tensy dit op skrif gestel word en deur die Ouer en die Beheerliggaam onderteken is nie.

9.5 Geen vergunning of toeskietlikheid wat die Beheerliggaam aan die Ouer mag betoon ten opsigte van die nakoming van enige van die Ouer se verpligtinge ingevolge hiervan, benadeel of stel 'n afstanddoening daar van enige van die Beheerliggaam se regte ingevolge hierdie ooreenkoms of ingevolge die gemenereg nie.

9.6 Die Ouer word geag homself voor ondertekening hiervan op hoogte te gebring het met die inhoud van die Skool se beleide, toelatingsvereistes en skool- en gedragreëls. 'n Skriftelike afskrif van voormelde dokumentesal op aanvraag deur die Beheerliggaam aan die Ouer verskaf word.

9.7 Die ondertekenaars van hierdie ooreenkoms bevestig hiermee dat hul behoorlik gemagtig is om die ooreenkoms te onderteken en word dit verdermeer deur die Ouer bevestig dat hy/sy die kind met die kennis en toestemming van die kind se ander ouer en/of voog en/of aanneem-ouer by die Skool ingeskryf het.

9.8 Die partye boekstaaf dat hierdie ooreenkoms nie die Ouer en/of die Skool se statutêre verpligtinge soos voorgeskryf en neergelê in die Wet vervang of negeer nie. In soverre enige van die bepalings hiertoe strydig is met die bepalings van Wet, sal die bepalings van die Wet voorrang geniet en die betrokke bepaling van die ooreenkoms as *pro non scripto* geag word sonder dat dit die gevolg het dat die ooreenkoms in sy geheel nietig en/of onafdwingbaar is.

Geteken te ________________________________ op hierdie _____________ dag van __________________________ 20____.

_________________________________________ HANDTEKENING VAN VADER

_________________________________________ HANDTEKENING VAN MOEDER

Indien die Ouer se adres, soos in die aanhef vermeld nie die gesamentlike adres van beide ouers / voogde van die kind is nie, moet die volledige besonderhede van die ander ouer / voog verskaf word:

VOLLE NAME EN VAN ______________________________

Verwantskap met kind ______________________________

Identiteitsnommer ______________________________

Woonadres ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Werksadres ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Telefoonnommer ______________________________

Sel nommer ______________________________

e-pos adres ______________________________

Geteken te ________________________________ op hierdie _____________ dag van __________________________ 20____.

____________________________________

Nms BEHEERLIGGAAM VAN
WILLEM POSTMA PRIMÊRE SKOOL